LAERSKOOL TUINE

Uniek… Altyd vorentoe!

Trots, waardig, doelgerig – Oë op Christus gerig!

OUEROMSENDBRIEF NR. 7 van 2019

Geagte Ouers, leerders en vriende van Laerskool Tuine

1. UIT DIE HOOF SE KANTOOR:

Ons as skool en gemeenskap is so dankbaar vir die kosbare reën wat verlede week so sagkens oor ons almal uitgestort is. Ons het die reën so nodig gehad hier by ons. Daar is nog verskeie plekke waar reën broodnodig is. Kom ons bid as gemeenskap en skool vir die boere vir reën.

Ons as skool is dankbaar, want ons Hemelse Vader seën ons en ons gemeenskap elke dag soos die reën wat verlede week oor ons geval het.

Daar is slegs 3 weke van skool oor. Die skool sluit op die 15de Maart 2019 om 10h00. U as ouers kan die rapporte tussen 7h00 – 9h00 kom afhaal.

Daar sal toesig wees by die naskool vanaf 9h00 tot 13h00 vir die leerders wat nie toesig tuis het nie.

Kom ons almal vat hande en werk nog hard aan die laaste 3 weke, veral op akademiese gebied. Elke leerder moet besef dat hul dade en harde werk op akademiese gebied weerspieël word op hul rapporte. Leerders moet asseblief nie onnodig by die huis bly nie. indien wel moet 'n brief, verkieslik 'n doktersbrief ingehandig word by hul voogonderwysers.

Dankie aan al ons positiewe en opregte ouers en leerders. Ons waardeer julle opreg.

2. PRODUKSIE 2000:

Op **14 Maart 2019** sal Produksie 2000 ons skool met 'n optrede van "Die Legkaart"/"The Puzzle" besoek, soos altyd verwelkom ons die groep met ope arms. 'n Groot legkaart word gebruik om te wys dat alhoewel die vorm van legkaart stukke verskil, die stukke (net soos leerders) wel bymekaar inpas om 'n prentjie te vorm. Die produksie sentreer rondom die skool boelie, bleeksiel ("nerd") en snob wat hulle weergawe van "Slapende Skoonheid" vir die Inter-Skole Revue Kompetisie, op die planke moet bring. Die boodskap is duidelik: Leef met en leer van mekaar. Respekteer ander se verskille en – buiten dit alles, weet wie jy is en waar jy wil inpas. Hope pret en gehoor interaksie deurgaans.
Die kaartjie prys is **R20** en moet die skool voor **13 Maart 2019** bereik.

3. FINANSIES:

GEEN KONTANT GELDE sal ongelukkig na **10:30** in ontvangs geneem kan word by die finansies kantoor nie. Kleingeld is vir ons 'n probleem, sorg dus dat u asseblief die korrekte kleingeld saam bring. Kaarttransaksies kan wel plaasvind. U samewerking sal opreg waardeer word.
Ouers gebruik jou familiekode as verwysing asseblief.

4. LAATKOMMERS:

As u kind laat is op Maandae dan moet hulle in die voorportaal van die saal gaan sit. Ons as bestuur doen 'n beroep op u om te sorg dat u, u kind betyds by die skool sal aflaai. Elke leerder wat laat kom se ouers moet by die voorportaal aanteken dat hy/sy laat is. Die skoolbestuur moet dit dan opvolg. Dit word deur die Departement vereis dat daar 'n gesprek gevoer word met die ouers. Dit neem baie tyd in beslag.

5. NETBAL:

Baie dankie aan elke persoon wat ons Dinsdag kom ondersteun het tydens ons Kenmare wedstryde. Dankie aan elke dogter wat netbal gespeel het en dit geniet het.
Oefentye: (Behalwe as daar 'n eksterne reëling deur die afrigters getref is)

Gustav Adolfstraat, Pretoria-Tuine, 0082
Posbus 48007, Hercules, 0030 * Tel (012) 379-4406 * Faks (012) 379-1949 032-011-NPO
Epos: jacosn@telkomsa.net suzettelaerskooltuine@gmail.com

0/7 – 0/9
Ma: 14:00 - 15:00
Di: 14:00 - 15:00
Do: 14:00 - 15:00

0/10 – 0/13
Ma: 14:00 - 15:30 C/D
Di: 14:00 - 15:30 A/B
Wo: 14:00 - 15:30 A/B
Do: 14:00 - 15:30 C/D

WEDSTRYDE KWARTAAL 1:

26	Februarie	Fast Five – Simon Bekker 0/10 – 0/13A
27	Februarie	Poelproewe 0/12 & 0/13A – (Spelers sal briewe ontvang)
28	Februarie	Brits - Tuis
4	Maart	Maragon - Tuis
5/6	Maart	Distriksproewe 0/12 – 0/13A (Spelers sal briewe ontvang)
7	Maart	Louis Leipoldt - Weg
12	Maart	L/S Villeria - Weg

Onthou asseblief u netbaltoergelde. Toer te RALOKA vind plaas 5-7 April 0/10 – 0/13. Toergelde beloop R1500 per speler.

6. ATLETIEK:

Baie geluk aan die atlete wat gister deelgeneem het aan die Distrikskampioenskappe.
Sterkte met die atlete wat 1 en 2 Maart 2019 gaan deelneem aan die Gautengkampioenskappe.

7. KLEREBANK:

Daar is ongelooflik baie klere wat rondlê in die skool. Die klere word na ’n ruk gewas en in die klerebank gestoor. Indien daar behoeftige ouers is wat klere benodig moet u nie huiwer om met Me Suné Dreyer in verbinding te tree nie. Kontak haar gerus gedurende skoolure. Ons vra slegs ’n donasie om te kan betaal vir die was van die klere. Die donasie kan anoniem plaasvind deur slegs ’n koevert te neem by die Finansiële kantoor en dit dan in die bruin posbus te gooi. Skryf asseblief net “Donasie Klerebank” op die koevert.

8. BULLETJIERUGBY:

Dinsdae en Donderdae oefening vanaf 18:00.

9. LANDLOOP:

OEFENTYE
Maandae – 14:15 TOT 15:00
Dinsdae – 14:15 TOT 15:00
Woensdae – 14:15 TOT 15:00
Kontak Juffrou **Renè du Plessis** vir enige navrae: 082 489 0629
Leerders het vir die klub landloop datums en ’n program ontvang. Klub landloop is nie verpligtend nie.

10. ADVERTERING – JAARBOEK:

Daar is Dinsdag 19 Februarie ‘n skrywe aan die leerders gegee. ‘n Afskeurstrokie is aangeheg.
‘n Jaarboek is beskikbaar teen R200 . U kan eenmalig betaal of afbetaal by u kind se voogonderwyser/es tot en met 6 Julie**. Groot asseblief geen elektroniese betalings**.
Die leerders sal die jaarboek, Woensdag 4 Desember, saam met die laaste rapport van 2019 ontvang.
Indien u sou belangstel om te adverteer in ons Jaarboek kontak asseblief vir Annelize Smit op 082 489 0629 in hierdie verband.

11. SKAAK:

Oefentye sal plaasvind op die volgende dae:

Dinsdae:	0/7 - 0/8 - 0/9	Leerders oefen van 13:50-15:00
Woensdae:	0/10 - 0/11 - 0/12 - 0/13	Leerders oefen van 13:50-15:00
Donderdae:	0/9 - 0/10 - 0/11 - 0/12 - 0/13	Leerders oefen van 13:50-15:00

SKAAKINTERHUIS:
Vind plaas by Laerskool Tuine.
16 April 2019 vanaf 14:00 tot +/- 17:00 (Graad 1 tot Graad 3)
17 April 2019 vanaf 14:00 tot +/- 17:00 (Graad 4 tot 7)

UITSPELE VAN SKAAKINTERHUIS:
Indien dit nodig is sal daar ‘n uitspele plaasvind en die leerders sal in kennis gestel word - 19 April 2019 vanaf 14:00 tot +/- 17:00.

WEDSTRYDE:
Die 0/11 (Gr3 - 5) en 0/13 (Gr.4 - 7) spanne wat deel gaan neem aan die wedstryde sal deur ‘n skaakinterhuis toernooi gefinaliseer word. Daar is nog nie toernooie vir die 0/9 slegs vriendskaplike toernooie, maar al die ander skole teen wie ons deelneem het nie 0/9 spanne daarom sal ek dus u vroegtydig in kennis stel rondom die 0/9’s.

DIE WEDSTRYDE IS SOOS VOLG:
15 Mei 2019 vanaf 14:30 tot +/- 17:00
22 Mei 2019 vanaf 14:30 tot +/- 17:00
29 Mei 2019 vanaf 14:30 tot +/- 17:00
5 Junie 2019 vanaf 14:30 tot +/- 17:00 Uitspele (Laaste wedstryd vir die skole wat deur is)

Alle wedstryde vind plaas by Laerskool Rachel de Beer.
NB. ‘n Leerder mag in ‘n ouer ouderdomsgroep deelneem maar ‘n ouer leerder mag nie in ‘n jonger ouderdomsgroep deelneem nie. Indien u kind wel in die skaakspan is, sal alle inligting deur middel van briewe aan u deurgegee word. Dit geld ook vir inligting rakende die Distrikskampioenskappe.
Spanne bestaan uit 6 leerders en 2 reserwes.

12. ANGEL PROJEK:
Ons wil graag weer hierdie projek volstoom aanpak hierdie jaar. Die projek behels dat ons onbederfbare voedsel in sal samel waarmee ons dan behoeftige gesinne kan help en ondersteun. Enige skenkings kan na Juffrou Ilse toe gestuur word. Hierdie maand sal elke graad ’n spesifieke produk kry om te bring. Inligting sal deurgegee word. Ingesluit is ’n lys van items wat dringend benodig word. As elke maatjie ’n item bring, maak ons ’n groot verskil in ’n gesin se lewe.

LYS VAN BASIESE GOEDJIES WAT ONS BENODIG:

Pasta/Spaghetti	Olie	Seep
2min Noodles	Mieliemeel	Handy Andy
Rys	Sout	
Soppoeier	Suiker	
Soya mince	Poeiermelk	
Koekmeel	Koffie/Tee	
Heist	Cup a soup	
Blikkieskos	Tandepasta	

Baie dankie aan **ALMAL** wat bereid is om te help!

13. MNR. EN MEJ. TUINE:
Mnr. en Mej. Tuine vind weer op die 13 Maart 2019 plaas. Leerders wat wil deelneem kan inskryf tot die 8ste Maart 2019. Inskrywingsgelde beloop R50. Ons tema vir die jaar is **“In the navy”.**

14. INTERNE REDENAARS:
Ons bied 20 April 2019 ’n werkswinkel aan waar ons ouers en leerders gaan leer hoe om ’n praatjie te skryf. Gelde beloop R50 per kind. Ouers wat saamkom is gratis. Interne redenaars vind die 8ste Mei 2019 plaas. Hou solank die datum oop.

15. MYSCHOOL PROGRAM:
Baie dankie aan almal wat hulle vorms ingevul het. U sal binnekort u kaarte ontvang.

16. WAGHOK:
Die waghok leerders kom na skool by die voorkant van die saal op die sementvierkant bymekaar tot verdere kennisgewing**.**

17. **"SNAPIT" SKOOL EN SPORT WINKEL:** U kan nou "Snapit" telefonies kontak.

TYE:

Maandae	07:00 tot 15:00	Dinsdae	10:00 tot 17:00
Woensdae	07:00 tot 15:00	Donderdae	10:00 tot 17:00

Vrydae 07:00 tot 15:00

1ste en laaste Saterdag van die maand 08:00 tot 10:00.

Skakel die skool by (012) 379-4406/7 en ons skakel u deur.

Kontak persoon: Corné Wiechers - 082 334 0265

_____

MNR. PJ SNYMAN
HOOF